# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 33 16 Augustus 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondag se erediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal, Sondag 30 Augustus 2026. Die nabetragting sal tydens die aanddiens gehou word.

*Almal word hartlik uitgenooi om na die viering van die Heilige Nagmaal, na die erediens, saam koek en tee te geniet.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 16 Augustus**
**Oggend: Wyke 17 & 18**
*Oudle.* Jan Trollip
Jan-Harm van Jaarsveld

*Diakens:* Herman van Heerden
Herman Bonnet
Hanno Steenkamp
Christiaan Oosthuizen



**Aand: Wyke 19 & 20**
*Oudle:* Wim Coetzer
Péter Wassenaar
*Diakens:* Otto de Vries
Riaan Reinecke

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:** Na die erediens
Wyksbyeenkoms vir Wyke: 4, 10, 17, 27 en 28

**Maandag:**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie
18:30 Evangelisasiekomissie
19:30 Bedieningskomissie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word."*
*Judas: 2*

*Sondag 16 Augustus*

| | |
|---|---|
| Elmarie Engelbrecht | 083 779 9037 |
| Roné Josling | 061 522 5733 |
| Christiaan Oosthuizen | 082 415 4507 |

*Dinsdag 18 Augustus*

| | |
|---|---|
| Annatjie du Plessis | 073 158 8106 |
| Susan Haasbroek | 064 933 4365 |
| Adriaan Marais | 083 701 2462 |
| GP Smidt | 082 566 7633 |
| Anderson White | 072 070 9836 |

*Woensdag 19 Augustus*

| | |
|---|---|
| Christien Agema | 082 832 1296 |
| Dries Krüger | 082 887 5284 |

*Vrydag 21 Augustus*

| | |
|---|---|
| Michelle Bonnet | 065 592 7016 |
| Jacques Jnr Tredoux (2) | 073 245 8307 |
| Tertia van Eeden | 082 809 4873 |

*Saterdag 22 Augustus*

| | |
|---|---|
| Pierre Blom | 060 325 0694 |
| Ruben Smidt (10) | 082 566 7633 |

*"Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde, Hy jubel en juig oor jou." Sefanja 3:17*



## MEELEWING

*Ons het hierdie week baie stof tot dankbaarheid.*

Eerstens, hartlik geluk aan *Christiaan 082 415 4507 en Eljé 076 630 7006 Oosthuizen* wat vanoggend hulle verbondskindjie, Daniël, doop. Mag die God van wordende geslagte aan julle wysheid, liefde en genade skenk om hom, saam met Johannes en Hanna, op te voed tot eer en verheerliking van sy naam en tot uitbreiding van sy koningryk. Ook hartlik geluk aan die familie. Mag Daniël vir julle almal baie vreugde verskaf. En Johannes en Hanna, julle moet lekker speel met julle boetie.

Ons dank die Here saam met *Jannie Erasmus* 082 437 7188 wat, nadat hy van die 6de Maart af in die hospitaal was met hart en longprobleme, Donderdag na die Groenkloof Rehabilitasiesentrum oorgeplaas is. Ons vertrou dat jy daar gou sterk sal word en huistoe kan gaan.

Ons is ook baie dankbaar teenoor die Here dat dit heelwat beter gaan met *Rinus van Heerden*, 079 504 8319 wat ernstig siek was en geweldige hoë bloeddruk gehad het. Sy bloeddruk lyk al baie beter. Hulle voorspel dat hy binne die volgende paar dae uit die hospitaal sal kan kom! Rinus, ons bid steeds vir jou vir 'n geskikte nier en beter gesondheid.

## ATTESTAAT

Ons heet *Ruhann Berg* (27) 079 898 5068 wat van Pongola af kom, hartlik welkom in ons midde. Ons vertrou dat jy sommer gou tuis sal voel.

*Nicolette Trichardt* vertrek met attestaat na Wonderboompoort-gemeente. Mag jy daar gelukkig wees.

## BYBELSTUDIE JONGMENSE18-30)

Die Bybelstudie vir die jongmense kom volgende Sondagaand na die erediens weer bymekaar.

## GEMEENTEKUIER na NAGMAAL

Almal word hartlik uitgenooi om Sondag 30 Augustus na die viering van die Heilige Nagmaal saam te kuier oor 'n koppie tee en heerlike koek.



## PROGRAM VIR AUGUSTUS

20 Augustus. 18:30 Evangelisasiekom
19:30 Bedieningskom

23 Augustus: Voorbereiding

27 Augustus: 19:00 Ouderlingeverg

29 Augustus.: Gemeentefees

30 Augustus: 09:00 Nagmaal







*Bespreek by Nienke 083 398 9080*

## BESPREEK JULLE PLEK

| Huisies: Naam en van | |
|---|---|
| 1 x 4 bed Chalet | Andries en Ronel (R3590.00) |
| 1 x 4 bed Chalet | Wian en Elmien (R3590.00) |
| 1 x 4 bed Chalet | Wessel en Trina (R3590.00) |
| 1 x 4 bed Chalet | WJ en Petro (R3590.00) |
| 1 x 6 bed Chalet | Jan-Louis en Willemien (R4236.00) |
| 1 x 6 bed Chalet | Dirk en Elsha (R4236.00) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Karmien (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Nienke (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Lourens en Marilena (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Otto en Annelise (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Wico en Mareli (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Pieter en Maarteli (R1415) |
| 1 x 2 bed kamer met badkamer | Riaan en Sophia (R1415) |

## EK EN MY HUIS SAL DIE HERE DIEN

*Skrifgedeelte: Josua 24:1-29*

Het jy al gekies om die Here lief te hê en te dien en hoedat jy dit wil doen? Miskien dink jy: "God het my as sy verbondskind uitverkies." Miskien: "Ek behoort, danksy Christus se verdienste, aan die Here. Dit is onnodig dat ek kies." Josua het juis die uitverkore verbondsvolk van die Here beveel: "Kies dan vir julle vandag." Dit was pas nadat die Here God die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het, nagekom het.

Elk van die stamme van Israel het hulle eie grondgebied in die beloofde land gekry. Die land het gereed gelê. Rustigheid en sekerheid het geheers. Wat die volk ook al sou kies, hulle moes weet wat Josua gekies het: "Ek en my huis, ons sal die Here dien." Op die tydstip van sy keuse het hy sy roeping vervul.

Pas nadat hy die volk die laaste maal toegespreek en hulle huis toe gestuur het, het hy gesterf (Jos. 24:29). Die verbondsvolk van God en die man wat sy roeping vervul en die einde van sy lewenspad bereik het, moes kies. Die profeet Elia het ook die Here se verbondsvolk opgeroep om kies (1 Kon. 18:21). Toe ander Jesus begin verlaat het, het Hy sy dissipels gevra: "Wil julle nie ook weggaan nie?" (Joh 6:67).

Ook ons moet van tyd tot tyd kies. Waarom moes die verbondsvolk van God kies? Waarom het Josua sy keuse aan die volk bekend gemaak? Waarom moet ons nie weier om self te kies nie? Ons is en bly almal sondaars en tot die sonde geneig. Dit is so maklik om van die Here God afvallig te raak.



shutterstock.com · 2794763381

Ons moet telkens reg kies: om die Here God onder leiding van die Heilige Gees heelhartig en met oorgawe te dien uit dankbaarheid dat ons op grond van Christus se verdienste aan Hom behoort.

*Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus*

## SNIPPERS

## WOONSTEL BESKIKBAAR

Een slaapkamer tuinwoonstel (48 vierkante meter) in Brooklyn, beskikbaar vanaf 1 September. Stapafstand vanaf Universiteit, Boys High en Pta Oos Laerskool. Huur sluit in, veilige parkering, Wi-Fi, water en elektrisiteit (solar krag). Huur van R10000pm. Kontak Nicola op 0843728874 vir navrae.

====================================




***FamilieStemme** is 'n samesang geleentheid waar die hele familie kan kom saamsing tot eer van die Here.*

*Geen oefening of ervaring is nodig om te kom saamsing nie. Bring die hele familie en nooi alle belangstellendes. Deel asseblief die skakel om deel te word van die groep wat meer inligting verskaf rakende die geleentheid. Kommunikasie sal tot die minimum beperk word om die las van 'n groot aantal boodskappe te vermy.*

*Daar sal 'n ligte ete met koffie en tee bedien word na afloop van die geleentheid. Die aand is gratis met 'n vrywillige kollekte om die onkostes te dek en toekomstige sangaande te verseker. Soli Deo Gloria*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan